



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (12-16 Oktober 2026)

AFSKOP VRAAG

As jy vandag vir God enige iets kon vra, wat sal dit wees? Waarom vra jy dit nie?

GEBED

Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

SKRIFLESING EN TEMA

Matteus 7:7-12

Gebed werk

GESPREKSVRAE

1. Jesus sê: "Vra, soek en klop." Wat beteken hierdie drie woorde vir jou persoonlik wanneer jy bid? Is dit genoeg as ons iets net een maal vra in gebed?
2. Het jy al gebed vir iets wat God jou nie gegee het soos jy gevra het nie? Wat het jy daaruit geleer oor God se wil en sy manier van antwoord?
3. Met watter goeie gewoontes het die Here jou al geseën nadat jy dit van hom gevra het? (Luk 11:13)
4. Is daar redes waarom God nie gebede verhoor soos wat ons vra nie? (Jes. 59:1-2; Jak 1:6-8; Jak 4:3; Matt 26:39; 2 Kor. 12:8-10)
5. Jesus verseker ons by herhaling dat God 'n liefdevolle Vader is wat ons gebede verhoor en goeie gewoontes aan sy kinders gee. (Matt 7:7-8; 11) Watter verskil maak dit in jou gebedslewe as jy God werklik as jou Vader, wat jou wil bederf, vertrou?
6. Wat, dink julle, is die verskil tussen om te bid vir wat ek graag wil hê en om te bid vir wat ek nodig het? Hoe kan ons die twee van mekaar onderskei?
7. Gesels oor die volgende opmerking wat Moeder Theresa gemaak het:
"I used to believe that prayer changes things, but now I know that prayer changes us and we change things."
8. Die boodskap eindig by die goue reël: "Alles wat julle wil hê dat mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen." Hoe behoort ons gebede en ons lewe teenoor ander mense aan mekaar verbind te wees? Vir wie gaan jy hierdie week bid? Hoe kan jou gebed in jou lewe sigbaar word?

AFSLUITING

Ons kan nie net gesels oor gebed nie. Gee ruim tyd om saam te bid.